

Met 'n oop hart

In ons uniekheid verskil elkeen se seer en uitdagings, maar deur ons stories te deel kan ons mekaar se laste in liefde dra.

foto HANNERI DE WET

Ek kon dit nie langer uitstaan nie! Dit was maar die tweede dag van my man se week lange werkbezoek aan 'n ander stad, maar vir my het dit klaar gevoel ek hou nie kop bo water nie. Sy werk vereis dat hy gereeld reis, maar met 'n woelige tweejarige tweeling en 'n derde kleinding op pad het ek dié keer my maat se kalm teenwoordigheid en ondersteuning meer as ooit gemis.

Ek het een aand oor my moedeloosheid gebieg teenoor 'n vriendin wat ons omstandighede goed ken. Sy het simpatiek na my geluister. Ek, aan die anderkant, wou amper dadelik my woorde sluk en het vinnig laat hoor: "Ek weet ek moet eintlik net stilbly, veral as ek dink aan die moeilike tyd waardeur Karin gaan."

Karin is 'n gemeenskaplike vriendin en in vergelyking met haar probleme was myne 'n sonskyn-uitstappie strand toe. Karin het jare lank gesukkel om swanger te word en toe sy uiteindelik haar eersteling verwag, moes sy en haar man hoor hul baba sal nie 'n normale lewe hê nie. Ek was pynlik bewus daarvan dat my swangerskap normaal was, maar dat my vriendin nie dieselfde kon sê nie.

En al het ek heel goed besef my en my man se uitdagings is nie gering nie, was dit in my oë eenvoudig nie vergelykbaar met die fisieke en emosionele pyn wat Karin ervaar nie.

"Jy hoef nie terug te hou wanneer jy oor jou probleme praat nie," het my lojale vriendin my getroos en my daaraan herinner dat my storie net so belangrik soos Karin s'n is.

Dalk het jy ook al gevoel dat jou seer of uitdagings nie werd

is om genoem te word nie. Daar is dan soveel erger pyn in die wêreld, nie waar nie?

Wanneer om jou woorde te tel

In die Woord is die boek Spreuke vol wysheid oor hoe ons met ons woorde moet omgaan. Spreuke 25:11 sê 'n woord op die regte tyd is "soos goue appels wat in silwer gemonteer is". Spreuke 10:19 herinner ons dit is soms beter om stil te bly en Spreuke 12:18 maan ons om te dink voordat ons praat.

Dié teksgedeeltes gee leiding oor kommunikasie in die algemeen, maar het net soveel waarde wanneer ons wik en weeg oor of ons ons storie met ander moet deel.

'n Wyse persoon sal egter nie net Spreuke ter harte neem nie, maar ook sensitief wees vir die omgewing waarin die gesels plaasvind (in 'n groep of een tot een) en die verhouding met die persoon wat jy in jou vertrouwe neem (is julle al jare lank vriende?).

In groepsverband is dit onafwendbaar dat gebedsversoeke uiteenlopend sal wees en soms lynreg sal verskil. Een vrou se seer is byvoorbeeld 'n ander een se vreugde: Daardie vriendin wat sukkel om swanger te raak sit dalk net langs 'n swanger mamma wat sukkel met oggendnaarheid. Die weduwee in die groep sit dalk langs die pasgetroude wat haar eerste groot rusie met haar man gehad het. Dis tog wat gemeenskap is, of hoe? Ons deel in mekaar se lief en leed. Ons behoort nie in ons dop te kruip en te swyg oor ons probleme nie, want ons het mekaar nodig in die helingsproses. Ons kan wel gesonde oordeel gebruik om te besluit wanneer, en veral ▶

◀ hóé, om ons storie te deel. As jy byvoorbeeld jou hart wil oopmaak oor jou soms moeilike verhouding met jou ma, is dit nié die beste keuse om jou probleme te bespreek met 'n vriendin wat kort tevore haar ma weens kanker verloor het nie. Dink so daaraan: Jou vriendin wat oor haar ma rou, sal waarskynlik in daardie stadium enigets gee om selfs in konflik met haar ma te staan, solank dit net beteken sy kan weer by haar wees.

Deel jou las

Daar is natuurlik ook gevalle waar dit nie goed is om jou storie gering te skat nie. Ek sal byvoorbeeld maklik my gebedsversoek oor moeilike peuters of oggendnaarheid vir myself hou wanneer ek weet iemand in ons gebedsgroep moet maand ná maand saamleef met die teleurstelling dat sy steeds nie swanger is nie.

Ek voel die daaglikse sleur van my lewe is gering in vergelyking met dié vrou se hartsbegeerte wat nie vervul word nie. En ja, dis goed om ander se gevoelens in ag te neem. Maar wanneer ek kies om nié my hart te deel nie uit vrees dat ek onsensitief of ondankbaar kan voorkom, of omdat ek nie wil erken dat ek soos enigiemand anders probleme het nie, is ek nié eerlik met myself dat die lewe vir ons almal soms moeilik is nie. Die belangrikste van alles: Ek ontnem myself die liefde en ondersteuning wat die liggaam van Christus bied. Galasiërs 6:5 vra van ons dat ons as gelowiges mekaar se laste sal dra, en die enigste manier hoe dit prakties kan gebeur is om eerlik en hardop te erken dat die lewe nie altyd maansky n en rosegeur is nie.

Almal beleef soms moeilike tye

Ja, ek het ook al in die skoene gestaan van die “ander persoon”, die jong ma van 'n tweeling wat haar bitter woorde moet sluk wanneer die ma van 'n enkele baba bieg hoe moeilik sy in haar nuwe rol as ma aanpas. Één baba? wil ek vra. Suster, ook maar goed jy het nie twee nie... Maar dan voel ek weer maklik verleë dat ek in trane uitgebars het omdat my man 'n paar dae van die huis af weg is, terwyl 'n vriendin haar drie kinders vir ses maande op 'n slag alleen grootmaak omdat haar man in die buiteland moet werk.

Ek het geleer dat albei dié reaksies soms 'n belangrike waarheid oor die lewe mis, dat ons almal van tyd tot tyd hoogtepunte en laagtepunte beleef. In die wêreld ná die gebeure van Genesis 3 leef ons saam met die daaglikse werklikheid van skeiding, sonde, dood en siekte. Ons kan nie daarvan wegkom nie, al wil ons ook.

My vriendin was reg. Ek hoef nie verskoning te vra vir my storie nie. Ek hoef nie dit waardeer ek gaan as gering af te maak, daaroor te swyg of myself te probeer oorreed dat die uitdagings en seer maar niks is nie. Daar sal altyd iemand wees wat swaarder kry as ek, maar dis nie waaroor dit gaan

nie. Dit waarmee ek worstel, is 'n opdraande stryd en ek het die liggaam van Christus nodig om my deur die moeilike tyd te help.

Dit laat my dink aan Jesus se gesprek met Simon Petrus in Johannes 21:15-22. Toe Simon Hom vra na die lot van die dissipl en aan sy sy (sodat hy dit met sy eie storie kan vergelyk!), het Jesus geantwoord: “As Ek wil hê dat hy in die lewe moet bly totdat Ek weer kom, is dit nie jou saak nie. Volg jy My!” Almal beleef seisoene van swaarkry. Dalk beleef jy nou 'n seisoen waarin jy met arendsvlerke sweef, terwyl iemand naby aan jou van alle kante uitgedaag word om elke dag in die geloof sterk te staan. Jesus verwag van ons elkeen dieselfde, ongeag in watter seisoen ons ons bevind. Hy sê: “Volg jy My!” Hy sê nie my pyn sal minder as joune wees nie. Die seer word nie weggepraat nie, en daar word ook nie stories vergelyk nie. Hy vra net dat ek en jy Hom met ons lewe sal vertrou.

Leer by Hom

Jesus deel nie net woorde van wysheid wanneer dit kom by ons menslike geneigdheid om ons stories te vergelyk nie. Hy wys ook vir ons hoe om te reageer wanneer dit voel of die lewe ons 'n vuishou in die maag gee. Sy reaksie op 'n gebroke wêreld is altyd dieselfde: meeleving en sorg. Hy het nie vir die blinde gesê blindheid is nie so erg as om deur demone beheer te word nie. Hy het nie vir die Samaritaanse vrou gesê haar sondige lewe kan maar gering geskat word teenoor die familie wat pas 'n dogtertjie aan die dood afgegaan het nie. Wanneer Jesus met mense te doen gehad het, het Hy altyd die werklikheid van hul gebrokenheid erken. En dan het Hy hulle heelgemaak.

Ons kan by Jesus leer. Ons moet die pyn en seer van die lewe erken. Ons moet huil saam met dié wat huil (Romeine 12:15) en ons moet toelaat dat ons deur liefde gelei word. Ons moet vergeet van “my pyn is erger as joune” en werklik luister na die persoon wat voor ons sit en haar hart oopmaak. En dan moet ons haar lei na Jesus, wat nie net gehuil het oor sonde, dood en lyding nie, maar dit self beleef het – ter wille van elke gebroke mens op aarde (Openbaring 7:17 en 21:4).

Ons almal worstel met iets. Ek is bly ek het daardie dag my probleme met my vriendin gedeel. As ek teruggehou het, sou ek myself die geleentheid ontnem om my uitdagings aan te pak met 'n medegelowige se gebede en ondersteuning wat my dra.

Ons het geen verskoning nodig om ons storie met ander te deel nie, wel onderskeidingsvermoë, genade en liefde. En dalk die belangrikste: die besef dat ons almal se stories van seer eendag in Sy Teenwoordigheid iets van die verlede sal wees. ■